# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**AUGUSTUS 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *15* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**<u>AFDELING A</u> : <u>LEESBEGRIP</u>**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

# ‘n Huldeblyk aan my pa

**Haar droomvlug het haar pa sy lewe gekos, maar sy vlieg voort en eer hom in ‘n nuwe boek.**

Deur **JACQUES MYBURG** Foto’s **PAPI MORAKE**





**Vir ‘n lang oomblik staar die tienermeisie stil na die klein silwer vliegtuig voor haar. Haar gedagtes sweef êrens ver van hier, hoog bo die uitgestrekte vasteland van Afrika.**

**Dan is Megan Werner (19) eensklaps weer terug in die hede hier langs die aanloopbaan van die Lanseria-lughawe, noord van Johannesburg.**

**“Ek kry elke keer hoendervel wanneer ek die vliegtuig sien,” sê sy. “Dit was een van die grootste oomblikke in my lewe.”**

**Dis nou al amper twee jaar sedert sy en vier jong medevlieëniers van Kaapstad na Kaïro in Egipte gevlieg het met die klein Sling 4-vliegtuig wat hulle self gebou het. ‘n Ongelooflike vlug van 12 000 km, oor agt lande, in 31 dae.**

**“Mense het gesê ons gaan dit nie regkry nie, maar ons het hulle verkeerd bewys,” voeg sy by, maar word dan weer stil. Want haar vlieënier-pa, wat elke kilometer van die groot avontuur in ‘n tweede vliegtuig meegemaak het om hulle te ondersteun, is nie vandag hier om haar herinnerings te deel nie.**

**Des Werner (49) en sy medevlieënier, Werner Froneman, is dood toe die tweede vliegtuig met hulle terugvlug van Kaïro in Tanzanië neergestort het.**

**"Ek mis hom elke dag, maar ek het geleer om met die hartseer saam te leef," vertel sy nou.**

**Maar al is haar pa dood net toe sy haar droom bewaarheid het, het sy nie toegelaat dat die hartseer óf die afgelope jaar se inperking haar vlerke knip nie.**

**Megan se pogings om genoeg vliegure te kry om soos haar pa 'n kommersiële vlieënier te word, is nou wel tydelik deur die coronaviruskrisis ontspoor, maar sy het pas 'n boek,** *As jy droom*, **oor hul groot Afrika-lugavontuur geskryf in samewerking met die TV-nuusleser Daniëlla van Heerden.**







**"Ek weet my pa sou besonder trots op mygewees het. Hy sou my 'n** *high five***gegee het as hy die boek gesien het. Hy was mal daaroor om vir my** *high fives* **te gee wanneer ek iets bereik het."**

**Die boek is vir haar meer as 'n ware avontuurverhaal. Dis ook 'n intieme huldeblyk aan haar pa en 'n voortsetting van die U-Dream Global-projek wat hulle saam begin het. "Ek en my pa wou met dié projek jong mense help om groot te droom, hul doelwitte na te jaag en daardeur kennis en vaardighede te kry."**

**Die eerste skof van hulle gesamentlike droom, was die bou van die vliegtuig, waarby 'n uiteenlopende groep van 20 tieners betrokke was, en die vlug daarmee na Kaïro. Met die boek wil Megan nou hul gesamentlike projek lewend hou, al pak sy hierdie skof dan nou sonder haar pa aan.**

**"Dit moet vir ander 'n voorbeeld wees dat jy enigiets kan bereik as jy hard werk en in jouself glo."**

**Megan droom daarvan om soos haar pa 'n kommersiële vlieënier te word. "Ek is die naaste aan hom as ek in 'n vliegtuig hoog bo die wolke sweef," sê sy.**

**Die strenger vlakke van inperking het haar egter tydelik op die grond gehou. "Dit was vir my erg om nie te kon vlieg nie. Dit het veroorsaak dat ek 'n hele paar maande glad nie in die lug kon kom om my ure te doen nie. Met die oorgang na vlak 3 het dit makliker gegaan; ek kon weer begin vlieg."**

**Sy het reeds 50 van die 100 vliegure wat vereis word vir haar opgradering van 'n privaat vlieglisensie na 'n kommersiële lisensie. Sy het ook al ses van die 10 teoretiese vakke suksesvol voltooi.**

**"Ek kan nie te lank stilsit en nie in die stuurkajuit wees nie," sê sy met 'n laggie. "Ek kan nie daaraan dink om iets anders met my lewe te doen nie."**

**En elke keer is dit asof haar pa langs haar in die stuurkajuit is. "Ons het altyd voor skool gaan vlieg. Net ek en my pa. Dan sien jy hoe die son oor die horison opkom. Dit was baie spesiaal. Hy het my geleer om my drome na te jaag."**

**"Hy sou wou hê ek moet doen wat my gelukkig maak. Ek weet hy glimlag daar van bo af vir my."**

*As jy droom* **word deur Pan Macmillan uitgegee en kos R180.**

VERWERK UIT *Huisgenoot,* 18 MAART 2021

**LET WEL:**

- **Beantwoord AL die vrae.**
- **Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

1.1 Haal DRIE opeenvolgende woorde uit die sub-titel aan wat daarop dui dat haar pa gesterf het. (1)

1.2 Hoe oud was Megan toe hulle met die spesiale vliegtuig gevlieg het? (1)

1.3 Wat is die tipe vliegtuig waarin hulle gevlieg het? (1)

1.4 "Mense het gesê ons gaan dit nie regkry nie"

1.4.1 Wat het hulle wel reggekry? (1)

1.4.2 Wat was so spesiaal omtrent dié vliegtuig? (1)

1.5 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal drie opeenvolgende woorde aan om dit te bewys.

Megan se pa het saam met haar in die vliegtuig gevlieg na en van Kaïro. (1)

1.6 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die nommer (1.6) en die letter (A-D) neer.

Werner was 'n ___ van beroep.

A. vegvlieënier
B. helikopter vlieënier
C. kommersiële vlieënier
D. privaat vlieënier (1)

1.7 Des Werner het nie alleen in die ongeluk gesterf nie.

1.7.1 Is bogenoemde stelling 'n FEIT of 'n MENING?

1.7.2 Motiveer jou antwoord in 1.7.1. (1)

1.8 Wanneer het die ongeluk plaasgevind? (1)

1.9 Verduidelik hoekom Megan nog nie genoeg vliegure bymekaar kon maak nie. (1)

1.10 Sy het nie toegelaat dat dit haar vlerke knip nie.

Pas die name/beskrywings in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer (1.10.1 – 1.10.4) en die letter (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 Mede-skrywer | A. U-Dream Global |
| 1.10.2 Boek se titel | B. Pan Macmillan |
| 1.10.3 Haar pa het dit gedoen as hy trots op haar was. | C. As jy droom |
| 1.10.4 Naam van die projek wat hulle saam begin het. | D. High fives |
| | E. Daniëlla van Heerden |

(4)

1.11 Gee twee feite oor die inhoud van die boek wat Megan geskryf het. (2)

1.12 Wat was die doel van haar en haar pa se projek? Gee twee feite. (2)

1.13.1Stem jy saam dat Megan wil hê ander jongmense moet iets leer uit die feit dat sy die projek voortsit?

1.13.2 Verduidelik waarom jy so sê. (1)

1.14.1 Hoeveel vliegure moet Megan in totaal hê? (1)

1.14.2 Hoeveel teoretiese vlakke het Megan al behaal? (1)

1.15 Watter tyd van die dag het Megan en haar pa altyd gaan vlieg? (1)

1.16 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.

Megan se pa het 'n (positiewe/negatiewe) invloed op haar lewe gehad. (1)

1.17 Hoeveel sal jy vir Megan se boek betaal? (1)

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: SPOTPRENT**




(UIT: *Die Burger,* 19 Mei 2020)

1.18 Waarom dra die twee dames maskers? (1)

1.19 Hoe beeld die spotprenttekenaar visueel uit dat die dogtertjie op die tafeltjie vasgenael is voor die televisie? (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.20) en die antwoord (A – D) neer.

Die persone wat bekommerd is dat skole nie gereed is om te heropen nie, is die ___

A. ma's
B. kinders
C. skole
D. unies. (1)

1.21 Noem twee dinge wat die kinders doen om hulle mee besig te hou (nie televisie kyk nie!). (2)

1.22 Hoekom, dink jy, is die kinders nie gereed om terug skool toe te gaan nie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Stemboodskappe kan nuttig wees wanneer dit gepas is, maar dit kan ook irriterend en indringend wees. Skryf die sewe belangrike feite neer oor hoe om die slaggate te vermy.

**INSTRUKSIES**

1. Skryf die SEWE belangrike feite om te onthou voor jy in jou foon se mikrofoon begin klets, puntsgewys neer.
2. Nommer jou feite van 1 tot 7.
3. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
4. Skryf sover moontlik in jou EIE VOLSINNE.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**WHATSAPP: DINK VOOR JY PRAAT**

Doen ekstra moeite en vra of die ontvanger in 'n posisie is om 'n stemnota te ontvang. Jy neem dus dan jou ontvanger se omgewing in ag.

Toon respek deur te onthou wie die mens is vir wie jy 'n stemnota opneem. Niemand wil luister hoe jy hul tyd mors met 'n klomp heen-en-weer-pratery terwyl jy by 'n winkel se betaalpunt is nie.

Hou jou stemnota onder twee minute. Hou die boodskap kort en kom so gou moontlik tot die punt.

As jy 'n stemnota gaan stuur, beplan vooraf wat jy gaan sê. Niks is frustrerender as om na 'n lang stemnota te luister wat 75% net "um", "aa" en baie sugte is nie.

Moenie ‘n stemnota stuur wat korter as vyf woorde is nie. Soms sal ‘n eenvoudige teksboodskap met “Ek stem”, “OK” of ‘n duim-in-die-lug-emoji voldoende wees. Dit sal net die ontvanger irriteer as hulle op ‘n baie kort stemboodskap druk. Dit wys net jy is lui.

Moet nooit stemnotas gebruik vir aanwysings, datums, foonnommers of adresse nie. Dit is makliker om na ‘n teksboodskap te verwys as om weer na ‘n stemnota te moet luister.

Nes met enige vorm van kommunikasie, kan die stuur van iets wat verkleinerend of kwetsend is, jou in groot moeilikheid laat beland. As dit jou stem op die stemnotais, sal dit baie moeilik vir jou wees om te ontken dat jy iets gesê het.

(VERWERK UIT: *Huisgenoot,* 25 Maart 2021)


**TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

**TEKS D**




[Verwerk uit *2016 My Race Magazine*]

3.1 Gee die korrekte betekenis vir die IDIOOM: "Ek het 'n voëltjie hoor fluit" deur te kies uit die volgende:

A. Daar is 'n klein voëltjie in die boom wat fluit.
B. Jy het inligting by iemandgekry.
C. Die voëltjie het vir jou nuus gegee.
D. Iemand het vir jou 'n boodskap gestuur. (1)

3.2 Voltooi die volgende sin. Skryf die hele sin oor.

Om "gratis" WI-FIte kry, beteken jy ___. (1)

3.3 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.

Met die ongewone skryfwyse van "Jammerrr...!", wil die adverteerder beklemtoon dat (hulle regtig jammer is jy kan nie hulle produk gebruik nie/ hulle is bietjie sarkasties oor die feit dat as jy nie in Tshwane bly nie, kan jy nie hulle produk gebruik nie). (1)

3.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Hierdie is 'n (baie warm) netwerk. (1)

3.5 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Dit moet jou gratis toegang tot die internet gee.

Begin so: Dit behoort .... (1)

3.6 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Jy kan met hierdie warm netwerk gratis gesels. (1)

3.7 Skryf die woord in hakies in die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING neer. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Dis is (vinnig) as gewone WI-FI. (1)

3.8 Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in die oop spasie in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Laai die gratis toep af vir ___ naaste TshWi-FI internetsone. (1)

3.9 Skryf Tshwane se leuse neer. (1)

3.10 Wat wil die adverteerder regkry deur prentjies by die advertensie te plaas? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




4.1 Skryf die volgende sin uit raampie 1 in die ONTKENNENDE VORM oor.

Ons het nog DSTV. (1)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (4.2) en die antwoord neer.

Die strokiesprent lewer kommentaar oor Suid-Afrikaners wat al hoe (ongesonder leef/minder geld het). (1)

4.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Die seun in raampie twee dink hulle is (baie ryk). (1)

4.4 Hoe kan jy uit die meisie se gesigsuitdrukking aflei dat sy gelukkig is? (1)

4.5 Skryf die volgende sin oor en vul die LEES-EN SKRYFTEKENS in.

die seun in raampie drie se ons eet elke aand vleis rys aartappels groente (1)

4.6 Skryf die AFKORTING in hakies uit. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Dis net in (SA) dat ons sulke sosiale probleme het. (1)

4.7 Verbind die volgende sin met die BETREKLIKE VOORNAAMWOORD in hakies. Skryf die hele sin oor.

Die seuntjie sit in die sand. Hy spog dat hulle darem petrol kan koop. (wat) (1)

4.8 Skryf die sin in raampie 2 in die TEENWOORDIGE TYD oor.

My pa is so ryk, hy het sy kar se tenk vol petrol gemaak. (1)

4.9 Vind die GESEGDE in die sin in raampie 3. Skryf net die GESEGDE neer.

Dis niks, ons eet nog vleis en groente. (1)

4.10 Verbind die sinne met die VOEGWOORD in hakies. Skryf die sinne oor.

Die een seuntjie ry vinnig op sy fiets. Die dogtertjie swaai hoog in die lug. (terwyl) (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**DIE OPGANG EN VAL VAN DOGECOIN**

Die kriptogeld, dogecoin, het onlangs (5.1.1) aandag getrek toe die skatryk sakeman, Elon Musk, 'n bietjie daarmee gespot het in *Saturday Night Live.*

(5.1.2) Elon het al baiekeer daaroor getwiet en gesê: "Dit is baie cool."

Met sulke steun van een van die wêreld se (5.1.3) suksesvolste tegnologie-entrepreneurs, (5.1.4) dogecoin kan gou internasionale gewildheidverkry en (5.1.5) kan in baie waarde toeneem omdat mense dit begin koop het.

Maar toe Elon in die program daarna verwys as 'n "hustle" (5.1.6) - waarmee hy eintlik bedoel het dis nie 'n regte werk nie – het die waarde dadelik geval. Voor hy in *SNL* was, het een dogecoin (5.1.7) (74) Amerikaanse sent gekos, maar toe beleggers hoor hoe Elon daaroor (5.1.8) (grap) maak, het dit tot 52 sent geval.

(5.1.9) Dogecoin (self, begin,  as 'n grap, is.). Billy Markus en Jackson Palmer het dit (5.1.10) ___ 2013 gestig net toe (5.1.11) (kriptogeldeenheid) gewild geraak het. Hulle wou wys hulle dink dis simpel dat mense daaroor (5.1.12) (opwindend/opgewonde) raak.

Die simbool van dogecoin is die klein (5.1.13) (gesig) van 'n Japannese shiba-inu-hond wat lank gelede 'n (5.1.14) (internasionaal) meme was. Die kriptogeld is daarna vernoem, moontlik omdat hulle ook soos die meme wou versprei.

[Verwerk uit:*Huisgenoot*, 27 Mei 2021]

5.1.1 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Elon Musk het onlangs aandag getrek. (1)

5.1.2 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Elon het al baiekeer daaroor getwiet en gesê: "Dit is baie cool." (1)

5.1.3 Skryf die onderstreepte woord oor en verdeel dit in LETTERGREPE.

Met sulke steun van een van die wêreld se suksesvolste tegnologie-entrepreneurs, kon dit net werk. (1)

5.1.4 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Dogecoin kan gou internasionale gewildheid verkry. (1)

5.1.5 Skryf die sin oor en STEL DIE VRAAG sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm.

Dit kan in baie waarde toeneem omdat mense dit begin koop het. (1)

5.1.6 Wat is die funksie van die KOPPELTEKENS in die volgende sin?

Maar toe Elon in die program daarna verwys as 'n "hustle" - waarmee hy eintlik bedoel het dis nie 'n regte werk nie – het die waarde dadelik geval. (1)

5.1.7 Skryf die GETAL in die volgende sin in hakies voluit neer. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Voor hy in *SNL* was, het een dogecoin (74) Amerikaanse sent gekos. (1)

5.1.8 Gee die MEERVOUD van die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Toe beleggers hoor hoe Elon daaroor (grap) maak, het dit tot 52 sent geval. (1)

5.1.9 Skryf die volgende sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Dogecoin (self, begin, as 'n grap, is). (1)

5.1.10 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in die oop spasie in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Billy Markus en Jackson Palmer het dit ___ 2013 gestig. (1)

5.1.11 Gee die MEERVOUD vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Net toe het al die (kriptogeldeenheid) gewild geraak. (1)

5.1.12 Kies die korrekte woord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Hulle wou wys hulle dink dis simpel dat mense daaroor (opwindend/ opgewonde) raak. (1)

5.1.13 Gee die korrekte VERKLEINWOORD vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die simbool van dogecoin is die klein (gesig) van 'n Japannese shiba-inu-hond. (1)

5.1.14 Verbeter die BYVOEGLIKE NAAMWOORD in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

'n Japannese shiba-inu-hond was lank gelede 'n (internasionaal) meme. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




5.2.1 Wat hou die uil in sy bek? (1)

5.2.2 Vir wie is hierdie prentjie/kaartjie bedoel? Wees spesifiek in jou antwoord. (1)

5.2.3 Kies die korrekte SPELLING tussen hakies.

'n Mens dra só 'n hoed by jou (gradeplegtighied/gradeplegtigheid). (1)

5.2.4 Kies die korrekte woord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.2.4) en die letter (A – D).

Die uil se oë is skeel, want

A. hy het te veel televisie gekyk.
B. hy was te lank op sy selfoon.
C. hy het te veel gespeel.
D. hy het baie lank gesit en leer. (1)

5.2.5 Voltooi die sin met die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Die seun het ongelukkig ___ eksamen gedruip. (1)

5.2.6 Gee die korrekte DEELWOORD vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Die seun het 'n (breek) hart gehad omdat hy gedruip het. (1)

TOTAAL AFDELING C: 40 PUNTE

GROOTTOTAAL: 80 PUNTE